

Druk uit en
hou in jou Bybel



Geopende *Deure*

GEBEDSKALENDER

JANUARIE 2020

1 | VROUE VAN DIE VERVOLGDE KERK

Christenvroue is dubbel kwesbaar vir vervolging weens hul geslag en geloof. Bid dat as draers van God se liefde, Sy engele hulle sal omarm daar waar hulle te midde van gevare, Sy lig onder hul families en gemeenskappe skyn.

BID VIR ONS DRAERS VAN LIEFDE...

2 | CHINA Dilnaz se man het verdwyn nadat hy twee jaar gelede deur polisie weggevat is. Die owerhede besoek gereeld haar huis om haar te ondervra, en sy is bang dat sy dalk iets kan sê wat teen haar man gebruik kan word. "Ek leef met konstante vrees," sê sy. "Ek wil so graag my vreugde terughê." Vra die Here om haar vreugde en krag te vernuwe, en bid vir haar man se terugkoms.

3 | NIGER Marie en haar man, Hamidou, deel dapper die Evangelie met ongelowiges, en versorg bekeerlinge wat druk ervaar om terug te keer na Islam. Bid vir wysheid terwyl hulle voortdurend nuwe gelowiges dissipel, en vir die Here se voorsiening vir hulle.

4 | SENTRAAL-ASIË Prys die Here dat sedert die geheime polisie opgehou het om Anastasia,* 'n huiskerkleier, te agtervolg, het sy meer vryheid om haar bedieningswerk te doen. Bid dat namate sy aanhou om te werk vir God se Koninkryk, haar bediening vrug sal dra.

5 | INDONESIË Bid vir voormalige Moslems, Dina* (57) en haar man, wie se

"Uiterlike skoonheid hou nie, 'n mooi voorkoms is nie alles nie; as sy die Here dien, dán verdien 'n vrou om geprys te word."

Spreekre 31:30 (Nuwe Vertaling)

INDONESIË vervolg

seun niks met hulle te doen wil hê sedert hulle in 2017 Christene geword het nie. Bid dat deur Dina se liefde vir Christus, en haar seun, hy ook tot Christus sal nader.

6 | INDIË Maya* is 'n weduwee wat 'n huiskerk lei. Na 'n aanval deur 40 ekstremiste wat gedreig het om haar enigste seun dood te maak, gaan sy voort om lofprysingsdienste te hou. Bid vir beskerming vir Maya, haar gesin en haar huiskerklidmate. Mag God die ekstremiste se harte verander.

7 | DIE MALEDIVE Hashima, 'n geheime gelowige, het deur haar Bybelstudie met ons kontak geleer dat sy deur God uitgekies is (Joh. 15:16). Bid dat God nog talle meer Maledivers sal uitkies vir Sy Koninkryk. Bid dat, net soos Hashima, hulle veilige maniere sal vind om die Bybel te bestudeer.

8 | SUIDELIKE FILIPPYNE Afgesien van die druk weens haar geloof, is Lydia standvastig in die Here. Haar werk as 'n gelettertheidsonderwyser het vir haar die weg gebaan om God se liefde met haar bure te deel. Bid dat God haar kragtig sal gebruik tussen haar bure.

BID VIR ONS KRYGERS...

9 | SIRIË Dank die Here vir vrouens in die vervolgde Kerk, en die belangrike rol wat hulle speel. Verlede jaar het talle van hulle opleiding bygewoon om hul voor te berei vir leierskap. Bid dat hulle dit wat hulle geleer het, sal toepas om die Kerk se werk in hierdie land te help groei.

10 | TANZANIË Jamila is fisies aangerand en uit die huis verjaag nadat dit aan die lig gekom het dat sy 'n Christen is. Bid dat sy goeie geestelike en fisieke sorg sal ontvang van haar kerkfamilie, en dat sy binnekort 'n veilige plek sal kry om te bly.



11 | NIGERIË Blessing Kogi en 11 ander familieleden is verlede jaar deur Fulani vegters aangeval en geskiet. Blessing en haar niggie is die enigstes wat wonderbaarlik oorleef het. Sy vra vir gebed vir God se genade, en om sterk te staan vir Hom te midde van die versoekings wat sy as 'n jong Christenmeisie ervaar.

12 | SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK 'n Paar jaar gelede het Caroline* se Moslem-pa, haar Christenma kragdadig na Islam laat bekeer. Toe hy probeer het om haaër te dwing tot bekering en om met 'n Moslem-man te trou, het sy geweier en moes sy vlug as gevolg van die dreigemente en mishandeling. Bid vir die Here se genade en voorsiening vir Caroline waar sy nog in skooling is.

13 | BANGLADES Maria Akter het onlangs 'n dissipelskapsopleiding vir vroue, aangebied deur Geopende Deure, bygewoon. Sy het 'n behoefte om haar geloof met haar vriende wat nie gelowiges is nie te deel. Bid dat God haar sal wys hoe om dit wat sy geleer het, te gebruik om met die Evangelie uit te reik na haar vriende.

14 | INDIË Bid vir die talle vroue in Indië wat deur hul mans en familieleden vervolgd word weens hulle geloof. Hierdie vroue word dikwels verjaag uit hul huise en afgeskryf. Bid dat God aan hulle sal voorsien, en dat die Kerk 'n ware familie vir hulle sal wees.

15 | NOORD-KOREA Vennote van Geopende Deur behartig geheime opleiding vir vlugteling-vroue vanuit Noord-Korea wat deur mensehandel aan mans in China verkoop is. Bid vir die beskerming van hierdie vroue wat na Noord-Korea teruggestuur en gestraf kan word indien hulle uitgevang word.

BID VIR ONS MOEDERS...

16 | MIDDE-OOSTE Bid vir die talle Christenvroue wat van hul Christengemeenskappe geïsoleer word deur hul vervolgers. Bid dat hulle sal kan vashou aan Jesus, en dat hul vervolgers ook h ontmoeting met Jesus sal hê.

17 | NEPAL Toe Tani geweier het om haar Christengeloof te versak, is sy uit haar huis verjaag deur haar man, wat haar geestelik mishandel het en gedreig het. Sy is gelos om op haar eie om te sien na haar twee dogters wat albei studeer. Bid vir voorsiening en ondersteuning vir hulle vanaf ander gelowiges.

18 | SRI LANKA Bid vir die ma's wat hul kinders in die noodlottige Paassondag bomaanvalle verloor het – dat die Heilige Gees hulle sal vertroos oor hul verlies, en hulle sal genees van hul trauma. Bid vir krag en moed vir hierdie vroue. Mag hulle onwrikbaar bly in hul geloof.

19 | HORING VAN AFRIKA Anna,* wat sowat 15 jaar gelede tot geloof gekom het, is van haar man geskei toe hy dit uitgevind het. Sy het dapper volhard afgesien daarvan dat sy, en haar 11 kinders van hul huis moes vlug weens die gevaar. Bid vir die Here se beskerming en voorsiening vir Anna en haar gesin.

20 | BHOETAN Dolma Tshering* is h middeljarige ma wat onlangs haar nuwe geloofsreis begin het. Bid dat haar geloof sal verdiep namate sy groei in haar

BHOETAN vervolg

wandeling met God, en dat haar man en kinders die lig van verlossing deur haar sal sien.

21 | OOS-AFRIKA Sedert sy h Christen geword het, plaas Sarah se oorheersende Moslemgemeenskap en haar familie druk op haar om haar geloof te versak. Afgesien van hierdie beproewinge, wil Sarah met haar mense deel oor Christus. Bid dat God aan haar maniere sal wys om haar geloof met ander vroue in haar gemeenskap en familie te deel.

22 | NIGER Rose (35), wat vroeër hierdie jaar haar man verloor het, is saam met haar drie kinders uitgeskop deur haar man se familie, omdat hulle gevoel het haar nuutgevonde geloof het skaamte oor die familie gebring. Bid vir God se voorsiening in haar en haar kinders se lewens.

BID VIR ONS SUSTERS...

23 | TUNISIË Bid vir Afef* en Leila,* twee jong vroue wat onlangs tot geloof gekom het. Hulle groei vinnig in hul geloof. Bid dat hulle h manier sal vind om hulself te onderhou in hul nuwe identiteit in Christus, en vir God om hulle na ander gelowiges te lei vir samesyn.



24 | HORING VAN AFRIKA Lily,* h Gelowige vanuit h Moslemagtergrond, ervaar moeilikheid in haar huwelik nadat haar Christenman teruggeval het in sy ou geloof. Bid dat die Here in haar huwelik sal werk sodat haar man tot inkeer sal kom en Christus voluit sal volg.

25 | INDIË Meghna,* wat geroepe voel tot die bediening, is uit haar ouerhuis verjaag omdat sy teen haar pa se wense voortgegaan het met haar teologiese studies. Bid vir God se vertroosting en voorsiening vir Meghna, en dat God haar verhouding met haar pa sal herstel.

26 | SUIDELIKE FILIPPYNE Fely,* 'n geletterheidsonderwyseres en fasiliteerder, voel soms ontmoedig omdat sy sukkel om by te hou met haar verpligtinge weens haar ouderdom, asook weens haar leerlinge se houdings. Bid vir onderwysers soos Fely – vir volharding en krag om aan te hou dien in die stamme waar die Here hulle roep.

27 | BANGLADES Nadat sy 'n geletterdeheidsklas bygewoon het, kon Rekha (20) wat nog nooit gedeel het oor haar geloof nie, die Evangelie met haar vriendin deel. Na verskeie maande het sy ook haar lewe aan Christus gewy. Bid dat vele meer deur Rekha se getuienis Christus sal leer ken.

28 | SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK Vroeër vanjaar het Delphine (27), wat as 'n suster werk in 'n oorheersde Moslem-area van Ndele, skrams oorleef nadat sy gemartel is en bewusteloos gelos is oor valse aanklagtes van egbreek. Bid vir haar emosionele herstel en die moed om standvastig te wees in haar geloof, afgesien van die konstante bedreigings wat sy vir haar geloof ervaar.

29 | BHOETAN Haar grootste oomblik van vreugde was toe Bida* (in haar 50's) die Bybel kon lees. Sy is ywerig om dit wat sy in die Bybel gelees het, met ander te deel. Bid dat God vir Bida die wysheid sal gee om haar geloof te deel met diegene rondom haar.

30 | VIËTNAM Die Priscilla Vroue-Opleidingsprogram is Geopende Deure se antwoord op Viëtnam se behoefte om sy vroulike gelowiges te dissipel. Bid dat die vroue wat Priscilla bywoon, deur alles wat hulle by hierdie opleiding leer, lig en rolmodelle in hul gemeenskappe sal wees.



31 | CHRISTEN-VROUE IN SUID-AFRIKA Bid dat die vroue in ons eie kerke geestelike moeders sal wees vir die kinders rondom hulle, asook pilare van krag vir enkellopende ma's en weduwees. Bid vir 'n susterskap onder Christenvrouens in Suid-Afrika. Mag hulle ook 'n stem en gebedskrygers wees vir ons vervolgte familie.

*Name verander en verteenwoordige foto's gebruik vir sekuriteitsredes.

Vervolg  Maar nooit alleen.



Geopende Deure

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd



Open Doors South Africa

www.opendoors.org.za
Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org